



7 APRIL 2020

Geagte ouers,

Ons leef in 'n ongekende tyd in die menslike geskiedenis met die Covid-19 pandemie waar die onsekerheid vrees skep. Geen definitiewe inligting is beskikbaar oor wanneer die grendeltyd opgehef gaan word nie, maar teen 16 April sal ons weet wat die pad vorentoe is. Soos sake nou staan begin die skool vir die personeel op 20 April en vir leerders op 21 April.

Ek wil u graag bemoedig deur te sê dat, in hierdie lewe en toekoms is ons in die veilige hande van ons Here wat ons eerste liefgehad het en nooit die werke van Sy hande sal laat vaar nie. Dit is die enigste troos wat ons werklik nodig het. Ons is almal in hierdie tyd geroep om 'n verskil te maak, in ons gemeenskap en gesinne. Hoe groot of hoe klein ook al.

Weens die grendeltyd, het ons juis nou baie tyd vir die dinge waarvoor ons in ons normale gejaagde lewe min tyd het. Byvoorbeeld, die herbesoeking en versterking van ons menseverhoudings, om ons verhouding met die Here te versterk en om te dink aan wat werklik belangrik is in hierdie lewe.

Die bogenoemde vat geestelike moed en energie. Maar nou dat ons tot stilstand gekom het, moet ons dit gebruik. Maak 'n verskil. Om te gee is om dubbel te ontvang.

### **Ek bring graag die volgende onder u aandag:**

1. Die sosiale media maak dit moontlik om in hierdie grendeltyd veilig met die leerlinge te kan kommunikeer.
2. Daar is skakels na webtuistes geplaas waar leerders ekstra hersieningsaktiwiteite en lesse kan ontvang.
3. Huiswerk word aan ons leerders gegee met behulp van sosiale media, veral met die Whatsapp-groepe wat vir die onderskeie vakgroepe geskep is. Maak gebruik daarvan al verg dit dissipline. Laasgenoemde is 'n lewens-ingesteldheid wat ons, ons hele lewe nodig het. Die misbruik van hierdie groepe deur 'n leerder sal tot dissiplinêre aksie teen die leerder lei aangesien klasreëls ook van toepassing is in hierdie groepe wat op skoolwerk gefokus is.
4. Neem asseblief kennis dat skoolprogram vir die res van die jaar gaan verander sodra daar uitsluitel verkry is van wanneer die tweede akademiese kwartaal hervat word.



# HOËRSKOOI BEN VILJOEN

[www.benviljoen.co.za](http://www.benviljoen.co.za)

5. Ons het egter nog geen uitsluitel rakende die wintersport bepalinge nie. Sodra ons uitsluitel ontvang sal ons dit aan u kommunikeer.
6. Soos nuwe inligting aan die lig kom, sal dit gekommunikeer word aan die skoolgemeenskap per sms en Facebook.

Ten slotte:

Die Here se genade is altyd vir ons genoeg. Onthou die belofte met die hemelvaart van Jesus, toe hy gesê het '*Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld*' – Matt 28:20

Ons bid vir julle elkeen se veiligheid en sien uit om almal weer te sien wanneer die skool heropen.

Ben Viljoen groete,

**Mnr. A Swaters**  
**SKOOLHOOF**